Geagte Dominee

Die jaar is besig om ten einde te loop. Voordat ons die jaar afsluit en met verlof gaan, wil ek en TOIBO vir u, namens die personeel, ouers en elke kind in die vyf Instituutskole, baie dankie sê vir die finansiële ondersteuning en dat u ons in u gebede opgedra het aan ons hemelse Vader.

Wanneer ons terugkyk op die jaar wat verby is, is dit soms moeilik om HOOP vir die toekoms te hê. Tog bly dit u en my verantwoordelikheid om nooit moed op te gee nie, hoop te *gee* aan en 'n verskil te *maak* in die lewe van 'n kind wat 'n spesiale onderwysbehoefte het. Dit is ons uitdaging om te verseker dat die toekoms vir hierdie kinders nie donker is nie, maar met lig bestraal.

Wat is HOOP? Moira-Marie Kloppers beskryf dit mooi: *HOOP is wanneer onweerswolke 'n skadu oor 'n gekraakte aardkors gooi. Dit is wanneer 'n saadjie wortelskiet nog voor die druppels val.*

Die resessie van 2018 is ook by die Instituut en haar skole gevoel: Al hoe meer ouers wat nie hul finansiële verpligtinge kon nakom nie, en donateurs wat nie meer kans sien om hulp te verleen aan organisasies soos TOIBO nie. Nie omdat hulle nie wil nie, maar omdat hulle doodeenvoudig nie *kan* nie. Ten spyte daarvan het TOIBO haar verpligtinge nagekom teenoor die skole en 'n daadwerklike verskil gemaak waar dit die nodigste was.

Dankie dat u vanjaar bereid was om saam met ons 'n vonk te wees wat die vuur aansteek. Gewillige mense wat ons hande sterk om hierdie vlammetjie in 'n groot vuur te kon omskep.

Mag hierdie Kerstyd vir u en u geliefdes 'n ware Christusfees wees.

Vriendelike groete

Arina Jooste

ARINA JOOSTE
UITVOERENDE BEAMPTE

Eer aan God
in die hoogste hemel, en
vrede op aarde
vir die mense in wie Hy 'n
welbehae het!
(Lukas 2:14)

TRANSORANJE INSTITUUT VIR BUITENGEWONE ONDERWYS (TOIBO)
Posbus 13383 HATFIELD 0028 – T: 012-362 0660 E: toibo@imaginet.co.za

Ondersteun: Transoranje-skool vir Dowes * Prinshofskool vir Gesiggestremdes * Sonitusskool vir Gehoorgestremdes * Transvalia-skool vir Epilepsie en Leergestremdheid * Hoërskool Martie du Plessis vir Serebraalgestremdes

Bankbesonderhede: Transoranje Instituut * ABSA * Rekeningnommer: 020 840 145 * Takkode: 632 005

Belangrike datums: 10 Februarie – Biddag Opvoeding en Onderwys * 16 Junie – Nasionale Biddag vir Blindes * 1 September Nasionale Biddag vir Dowes * 6 September Loslitdag * 8 September Hoop vir 'n kind spesiale deurkollekte (NHKA)